NG Kerk Vrystaat

Tuine van Hoop-projek word geloots

Wanneer ek aan tuinmaak dink, dink ek aan my ouma. In Noordebloem, 'n aftreeoord in die noorde van Bloemfontein, het sy, 'n statige dame, in haar netjiese romp en bloes, sykouse en later met sandale, tuingemaak. Haar fyntuin het later verander in 'n tuin met waterwys plante. Sy het plante soos woestynrosies, spekboompies, aalwyne, kaktusse, 'pigface' blommetjies en allerhande soorte vetplante geplant, want sou sy sê, dit gebruik minder water en hoef nie so gereeld natgelei te word nie. Haar tuin het later tuinkabouters en draadwindpompies bygekry. Haar tuin het letterlik die verkeer tot stilstand geroep en sy was selfs eenkeer in die koerant oor haar tuin.

Toe ek onlangs teruggetrek het Bloemfontein toe, was ek verstom oor hoe kaal en leeg mense se tuine is. By skole, waar die tuine ruig gegroei het, is daar nou net klippe en sement. Op die UV-kampus, waar daar beddings en beddings rose was, is daar nou net gruis, of enkele kaal roosboompies oor wat mismoedig in die wind wieg. By kerke, waar daar voorheen 'n doolhof van tuin-oase was, is daar nou net enkele koeltebome, struike en 'n dooie grasperk vol distels en duwweltjies. Die eens versierde, gasvrye gemeenskaplike spasies, het in dorre, stowwerige en ongenaakbare areas verander. Klimaatsverandering, die droogte, waterbeperkings en boorgate wat opdroog, het die stand van ons tuine verinneweer. Die Rosestad is sonder haar rose… Bloemfontein sonder haar blomme. Die Rosestad is egter nie die uitsondering nie - baie Vrystaatse dorpe sit met 'n waterskaarste.

Om tuin soos voorheen te maak sal onverantwoordelik wees. Om ons 'dors' tuine te onderhou, sal katastrofiese gevolge hê. As ons tuine ons enigste getuienis na buite was, wat kom sê dit van ons kerk? Verklap ons tuine nie iets van ons teologie nie?

Tuine was nog altyd deel van ons liturgie. Dit versier nie net nie, maar dit nooi mense in. 'n Tuin praat met mense en dit is gewortel in die oergedagte dat ons oorsprong in 'n tuin is (Eden) en ons toekoms ook in 'n tuin sal wees (die Paradys). Maar hoe moet/kan ons nog tuine maak? Miskien kan my ouma ons help. Net omdat daar nie water is nie, beteken nie dat ons nie meer tuine kan maak nie. Dalk moet ons net slimmer tuine maak, waterwys tuine wat ook die verkeer tot stilstand roep, 'n storie vertel van wie ons is en ook ons toewyding aan Ekologie wys.

Dis juis hierom dat die NG Kerk Vrystaat op 30 Augustus 2019 hulle *Tuine van Hoop* projek geloots het. Hierdie projek hoop om skoonheid weer terug te bring in ons gemeenskappe, deur vriendelike, netjiese en uitnodigende ruimtes te skep waar mense tot rus kan kom. Hierdie inisiatief het gegroei uit teologiese gesprekke oor hoe ons ons ruimtes kan gebruik om heling, verwondering en hoop te bring. Kerktuine is 'n wesenlike deel van ons bediening - ons moet daardeur beweeg voordat ons God in die erediens ontmoet. Tuine is 'n gedeelde ruimte waardeur ons ons toewyding aan gasvryheid op 'n tasbare manier kan uitdruk.

Die NG Kerk Vrystaat het besluit om in hierdie tyd van waterskaarste en klimaatsverandering op ‘n konkrete manier hulle roeping uit te leef in die wêreld wat dors na verhale van hoop. Dit is die sinode se plan om gemeentes se hande te vat, ‘n ekologiese bewustheid te skep en om die wêreld bietjie mooier te maak. Die Vrystaat Sinode hoop dat hierdie projek sal uitkring en dat mense van verskillende gemeenskappe sal deelneem.

Hoe gaan hulle dit doen? Die sinode wil gemeentes uitdaag om hulle tuine waterwys te maak. Gemeentes se leraars, kosters, tuinwerkers en enige ander vrywilligers wat sou belangstel, word uitgenooi om die Sinodale Kantoor te kontak, waarna inligting en ‘n beplanningsessie gereël sal word oor hoe waterbesparende tuine werk, asook tegnieke om jou tuin meer ekologies-vriendelik te maak. Die Sinodale Kantoor het reeds ‘n ruil-kwekery ingerig waar mense inheemse en waterwys plante kan aflewer en ook kan kom afhaal, met die oog daarop om ‘n kerktuin waterwys te maak. Hierdie nuwe plante is dus verniet! Hierdie inisiatief word ook nie beperk tot NG gemeentes nie - dit is bedoel vir enigeen wat waterwys tuine in gemeenskaplike areas wil aanbring.

Die eerste gemeente wat doelbewus waterwys tuine aangelê het, is die NG gemeente Onze Rust, wat sal kan getuig van die effek en waarde van so ‘n projek. Die eerste Ring wat aan hierdie projek gaan deelneem, is die Fauresmith Ring. Die NG Kerk Vrystaat sal foto’s en die verhale van hierdie tuine vrystel en hulle glo dat hierdie tuine op ‘n unieke manier samewerking oor grense heen en gemeenskaplikheid sal aanmoedig.

Ek dink my ouma sou trots gewees het.

Vir enige verdere navrae, kontak ds Gideon Lamprecht (082 417 0507), ds Barnard Steyn (082 842 7028), of die NG Kerk Vrystaat se kantoor (051 406 6700 - k/u Ma-Vr 08:00 - 16:00)

(Ds Mias van Jaarsveld)